

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
28 Januarie 1978

Onderwerp: Liefde vir jou vyande  
Dankseggingsdiens

Lees: Matthéüs 5 verse 43 tot 48

Teks: Matthéüs 5 verse 43 tot 48

Sing: Gesang 5 verse 1 en 3  
Gesang 306 verse 1 en 2  
Gesang 194 verse 1 en 5

“Die bergpredikasie van Jesus Christus is bedoel vir elkeen wat gehoor gee aan die wekroep: ‘Volg My’. Dit is bedoel vir mense wat Jesus Christus se spore volg. En daarom kan Christene nie soos Mohammedane, Kommuniste en Boeddhiste alleen maar verwonderd staar na hierdie preek en skouerophalend die rug daarop keer nie. Want dit gaan nie hier oor ’n utopiese ideaal nie, maar oor die wet van die koninkryk van God; oor wat geld in die koninkryk van God en wat verwag word van elke koninkryksburger.

“Die liefde, groot woord van die Evangelie, word die eerste keer in die bergrede in Matthéüs 5 aangetref. Maar Broers en Susters, ons is al so gewoond om te hoor: ‘God is liefde.’ (1 Joh 4:8) ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.’ (Joh 3:16) Daarom kan ons hierdie liefde kwalik onderskei van die liefde waaroor die liedjiesmakers van ons tyd so sentimenteel raak. Die liefde maak op ons net so min indruk as ’n berig van nog ’n bom wat êrens ontplof het. Wat is die verskil tussen liefde of ’n bom wat ontplof het? Ons is aan albei ewe gewoond.

“Maar as ’n mens na die woorde van Jesus luister met die erns waarmee dit kom, kan jy nie anders as om ’n slag na die liefde te luister nie. Want Jesus se definisie van die liefde is buitengewoon: ‘Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê’. (Matt 5:44)

“Watter vyand is hier ter sprake? Sou Jesus die Romeine bedoel het, of die Fariseërs, of die gehate tollenaars? Is dit politieke of godsdienstige vyande?

“Nee Broers en Susters, die dissipels van Jesus kan net een soort vyand hê en dit is die vyande van die

koninkryk van God. Alles wat dus in stryd is met die koninkryk van God is ons vyand. Dit is ten diepste al vyand wat 'n Christen kan hê, want dit is tog waarom dit in 'n Christen se lewe draai, naamlik: 'Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid'. (Matt 6:33) Dit is tog die doel van die Evangelie.

"Jesus het tog self gesê dat mense ons sal haat. En elkeen wat Jesus nie volg nie, wat sy koninkryk nie soek nie, elke so 'n mens is ons vyand. En so kan dit wees dat ek my vyand soggens vaarwel sê skool toe; of dat ek saam met hom of haar dieselfde slaapkamer deel; of dat ek hom oornooi vir 'n koppie tee; of dat ek hom oor 'n geweerloop êrens op die grens teëkom. Jesus se opdrag aan ons geld ten opsigte van hulle almal: 'Julle moet jul vyande liefhê'.

"En hierdie vyandsliefde is nie net 'n gevoel van jammerte vir die vyand, omdat hy nie soos ek vyandsliefde het nie. Dan sou ons almal Fariseërs gewees het. Want dit was die Fariseërs wat gebid het: 'O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie - rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie.' (Luk 18:11)

"Nee, Jesus spel hierdie vyandsliefde wesenlik uit. Maar ons het so traag geword om te hoor. Ek wil liever hoor hoe God my liefhet. En dit terwyl Jesus sy dissipels nader genooi het en hulle geleer het: 'Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg'. (Matt 5:44)

"Daarmee is die liefde die haat altyd voor. As my vyand my vloek, moet ek vir hom bid. As hy my haat, moet ek reeds aan hom goed gedoen het. En as hy my beledig, moet ek reeds op my knieë vir hom wees.

"Broers en Susters, die gebed vir my vyand is die hoogste daad van liefde vir hom. Waarom? Omdat jy nie vir iemand kan bid, voordat jy nie sy lot vir jou toegeëien het nie. Dit wil sê voordat jy nie sy skuld en sy sonde en sy haat op jou geneem het nie. Want dit is wat gebed beteken. Ek neem sy skuld op my en gaan daarmee na God omdat hy nie kan nie, nie wil nie en omdat hy 'n vyand van God is. Daarom is gebed die hoogste liefdesdaad.

"Dit het Jesus self aan ons getoon toe Hy van sy kruis af neergekyk het en gesien het hoe sy vyande wat Hom ter dood veroordeel het, Hom beledig en vervloek het: 'Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo.' (Matt 27:42) Juis

toe het Hy gebid: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.' (Luk 23:34) Só het Jesus in hulle plek gebid. Só moet ons ook vir hulle bid. Want eers as jou eie ek en jou koninkryk binne-in jou gesterf het, kan jy plaasvervangend bid.

"Jesus sê dat ons so vir ons vyande moet bid: 'sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is'. (Matt 5:45) Kinders van ons Vader, beteken dat ons soos ons Hemelse Vader sal word. En hoe is Hy? Hy het sy Seun sonder onderskeid gegee: 'Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.' (Joh 3:16)

"En so het Jesus Christus die hart van sy Vader openbaar: 'Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.' (Matt 5:48) Wees volmaak. Met ander woorde, beantwoord aan julle doel. Beantwoord aan die doel waarvoor julle My volg. Só sal God dan alles in julle word. Só sal julle soos julle Vader wees.

"Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie. Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.' (Matt 5:13-16)

"Ek sê vir julle. Julle moet julle vyande liefhê. Want as jy net dié liefhet wat jou liefhet, wat besonders doen jy? Doen die Kommuniste nie ook so nie?

"Broers en Susters, die lig wat uit ons straal moet anders wees as die wêreld s'n. Ons getuigenis moet anders wees. Só anders dat ons sal wees soos 'n stad op 'n berg. Sonder vyandsliefde is daar geen onderskeid ten opsigte van die wêreld nie.

"Volg my, sê Jesus. Laat God alles in julle wees.

"Amen."

Kommentaar:

Hulle wat God en Jesus Christus nie ken nie, het Jesus Christus nog nie as Verlosser aangeneem nie. Daarom is hulle sonde nog nie vergewe nie en bestaan daar 'n

skeiding tussen hulle en God wat hulle self nie kan oorkom nie. En dit kan, soos Dominee Bester uitgewys het, jou kind, eggenoot, buurman en selfs die vyand oor 'n geweerloop wees. Hulle kan nie tot God bid en vra om gered te word nie, omdat God hulle nie weens hul onvergeefde sondes sal hoor nie.

Daarenteen het ons, wat Jesus Christus as Verlosser aangeneem het en wie se sonde vergewe is, vrye en direkte toegang tot God. Ons kan namens hulle tot God bid en vra dat God hulle red, hulle krag gee om deur moeilike omstandighede te kom, ensovoorts.

Dink net hoe dinge kan verander as jou vyand, wat jou wil vernietig, se oë oopgaan en hy of sy'n Christen word en voortaan jou Broer of Suster in Jesus Christus is.

